

Woensdag 10 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 2:11-18

## Christus maak van ou vyande 'n nuwe, heerlike eenheid

Veral die Christene wat uit die heidennasies gekom het, moet nou beleef hoe God die skeiding tussen hulle en die Christene uit die Joodse nasies afgebreek het en 'n totaal nuwe gemeenskap geskep het, 'n nuwe eenheid. Die groepe het voorheen skeldname vir mekaar gehad. Die Jode het die ander groep "onbesnedenes" genoem, en daarmee te kenne gegee dat hulle niks van God weet nie. Hulle is daarom vyande van God en sy volk – en daarom vreemdelinge. Hulle het nie die geestelike burgerregte gehad wat die volk van die Here gehad het nie, en kon nie in die beloftes van die verbond deel nie.

Vroeër was hulle sonder Christus, maar nou is hulle een met Christus deur die geloof wat die Heilige Gees vir hulle gegee het. Christus het vrede gebring tussen verskillende groepe, en so het Hy die mure afgebreek. Hy breek nie net af nie, maar bou 'n nuwe eenheid. Die eenheid is tussen Jode en nie-Jode wat Hy met God versoen. Hy maak die twee partye tot een nuwe liggaam, die kerk.

Christus verkondig nou die vrede wat Hy verwerf het aan almal, en so kry ons toegang tot God. Hy het met sy volkome offer die Priester geword wat die pad na God vir ons oopmaak. Ons verkry toegang deur Christus en deur die werking van die Heilige Gees. Dit is net genade dat ons in 'n Vader-kindverhouding met God kan lewe en tot Hom as ons Vader toegang kan hê.

*Sing: Psalm 32:3 (1936)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*